



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Dis 'n vreemde gesprek van Jesus, nie waar nie? Jesus wat sê Hy gaan weg, maar tog bly Hy by ons, sy dissipels; Hy is in die Vader en in ons en ons in Hom. Hy sê Hy laat ons nie as weeskinders agter as Hy hemel toe gaan nie, want Hy stuur die Gees om in ons te woon, en dan sê Hy weer Hy en die Vader kom na ons toe: "Ons sal na hom (die een wat Hom liefhet) kom en

by hom woon" (vers 23).

Ek weet nie of julle dit presies mooi verstaan nie. Ek moet erken dat daar vir my 'n wasigheid om Jesus se woorde lê, 'n misterie. God se teenwoordigheid by ons en in ons is vir my 'n misterie, iets wat ek nie kan vasgryp en haarfyn kan beskryf nie. Soos 'n vrou eendag vir my gesê het: sy wens sy kon die teenwoordigheid van God in haar krisis beter, meer werklik, beleef.

Maar dit is hoe God se werk – hoe God Self – vir ons is en altyd sal wees: 'n misterie waarop ons nie 'n greep kan kry nie. Ek moet eerlik sê ek neem met 'n knippie sout die goed wat mense vir my sê as hulle sê God het dít vir hulle gesê of dát gesê, soos dat hulle in die winkelrak moet afloop en daar regs draai en dan die hand uitsteek en dan is dit 'n blikkie Coke en dis wat hy moet gebruik vir sy boodskap van die oggend. Vir my gevoel werk God nie so met ons nie. Of dalk het ek maar net nie daardie soort verhouding met God nie. Ek weet nie.

Wat ek wél weet, is dat Jesus hier op verskillende maniere beloof dat Hy, die Vader én die Gees by ons en in ons is. Dat die drie-enige God deel van ons lewe is en wil wees. Dat God by ons is, elke dag, as Vader om ons te bewaar en te beskerm, as Seun om ons Leidsman te wees, en as Gees om ons Voorspraak te wees.

Ek wonder of ons dit aldag waardeer. Dikwels praat en dink mense oor God as sou die Vader en Jesus eintlik maar een en dieselfde Persoon is. Maar Jesus is hier baie duidelik dat Vader, Seun en Gees drie Persone is, al is hulle een Wese.

Hoor wat sê Hy hier: Hy (Jesus) sal die Vader vra, en die Vader sal dan die Gees na ons stuur (16, vgl 26). En Jesus sê ONS (Vader, Seun én Gees) sal na die een wat Hom liefhet, kom. So as ons oor God se betrokkenheid by ons dink, moet ons nie een ding dink nie, maar drie, want die Vader is op 'n ander

manier in ons lewens werksaam as die Seun, en as die Gees.

Wat beteken dit prakties? In hierdie gedeelte sien ons dat Jesus die Een is wat ons belange by die Vader behartig; Hy is die een wat daarvoor besorg is dat ons alleen of wees mag voel, en daarom vra Hy die Vader om die Voorspraak na ons te stuur (15,16). Die Vader is die een wat ons versorg en ons liefhet, net soos Jesus, en daarom voorsien Hy die Gees om ons te help. En die Gees kom bly by ons om ons te herinner wat Jesus vir ons gesê het en ons te leer (26).

Ongelukkig beleef ons dit nie altyd so nie. Daar is mense wat God daarvan beskuldig dat Hy afwesig is in hulle lewe. En dís waarom hierdie woorde van Jesus gaan: om God se teenwoordigheid in ons lewe. Wat kan ek en jy doen om 'n beter verstaan, en 'n beter gewaarwording, van God se teenwoordigheid te beleef?

Jesus se antwoord is heel eenvoudig: Ons moet Hom liefhê, en dit beteken dat ons sy opdragte uitvoer (vers 15 en 21); ons moet soos Hy leef (vers 19); ons moet sy woorde ter harte neem (vers 23).

Anders gestel: ons moet Jesus beter leer ken. Ons kan Hom slegs volg as ons 'n aanvoeling het waarheen Hy met ons, met my en jou, op pad is. As ons sy hart ken en verstaan. As ons Hom liefhet, sal ons sy woorde ter harte neem, sê Jesus. En dis waarmee die Gees ons hep (26).

Ek wonder soms of dit nie presies hier is waar ons probleem ontstaan nie: dat ons te min van die woorde van Jesus maak, dat ons te min Bybel lees, te min daarvoor nadink, ons te min in die Woord van God verdiep. Jesus sê die Gees wil ons onder andere herinner aan alles wat Hy gesê het, maar as ons nie die Woord lees nie, waaraan kan die Gees ons dan herinner? Ons ontnem só die Gees van 'n manier om met ons te praat. Ons glo tog dat die Bybel God se manier is om met ons te praat, dat dit die Gees se instrument is om ons te lei in die volle

waarheid.

Die vrou wat vir my gesê het sy wens sy kan God se teenwoordigheid beter beleef, het óók aan my erken dat sy nie juis baie gereeld Bybel lees nie.

Sê my, lees jy baie Bybel? Lees jy dit en oordink dit en bêre jy dit in jou hart? Dis tog wat die opdrag dat ons Jesus se woorde ter harte moet neem, beteken, nie waar nie? Gee jy aan God die geleentheid om dit wat jy gelees het, in jou hart in te graveer sodat dit deel kan word van wie jy is?

Ek praat nie van enkele mooi teksverse waaraan jy vashou nie. Ek praat van die Bybel. Ek lees anderdag van 'n vrou wat Spreuke 31:25 as haar teks van die dag gevat het: "Alles aan haar spreek van 'n sterk en edel persoonlikheid; sy ken geen kommer oor die toekoms nie." Sy dink toe hoe sy daarmee 'n fotovers wil maak sodat sy dit op facebook kan post. En terwyl sy daaroor wonder, lees sy die res van die hoofstuk, en daar ontdek sy dat die sterk en edel vrou waarmee sy haarself vereenselwig, dou voor dag soggens opstaan, haar eie klere maak, nie lui is nie ... En skielik besef sy dis nie so 'n eenvoudig teks om te gebruik nie, en sy sê haar volgende teks gaan sy beter kies, sodat sy dit nie so uit konteks kan aanhaal nie.

Daar is mense wat sê hulle sal begin glo as God Hom aan hulle openbaar. As ek Jesus se antwoord aan Judas in vers 23 en 24 reg verstaan, werk dit nie so nie. Judas vra: "Here, hoe kom dit dat U U aan ons gaan openbaar en nie aan die wêreld nie?" Dan sê Jesus: "As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon." God se teenwoordigheid en sy openbaring, sy bekendmaking van Homself, kom na die mate dat ons onself verdiep in God se Woord. Dis nie vir almal nie. Dit beloof God Self ook in Jeremia 29:13. Ek lees Eugene Peterson se vertaling in The Message: "When you come looking for me, you'll find me. Yes, when you get serious about finding me and

want it more than anything else, I'll make sure you won't be disappointed."

Kom ek sê dit in ander woorde: Jy moenie verwag dat jy 'n wonderlike en innige verhouding met God sal hê, en dat jy sy teenwoordigheid in jou lewe sal ervaar, as jy los van die Bybel leef nie. As jy God se teenwoordigheid en sy openbaring soek, lees jou Bybel en oordink dit; neem dit ter harte en leef dit. Dán sal jy beleef dat God Drie-enig in al sy wonderlike heerlikheid by jou is, en sal Jesus se vrede van jou lewe besit neem (vers 27).

Wat maak jy met Jesus se Woord?

Onlangse Bydraes

- [Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?](#)
- [Jakob](#)
- [Joh 8:1-11 Jesus, jy en ander mense](#)
- [Esau](#)
- [Joh 6:56,57 NAGMAAL, SODAT ONS KAN LEWE!](#)

Argief

Argief ▼

- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Soos ek dit sien](#)
- [Preke](#)
- [Gebede](#)
- [Kortverhale](#)

- [Facebook](#)
- [X](#)